NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

7 Desember 2025

## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Janeska | Heyns | 12/08 |
| Welda | Meyer | 12/08 |
| Tertia | Jacobs | 12/09 |
| Peter | Van Der Westhuizen | 12/09 |
| Johan | Joubert | 12/10 |
| Kadrie | Human | 12/11 |
| Maggie | Boshoff | 12/12 |
| Simon | Streicher | 12/12 |

**LIDMATE VERKIES TOT DIE KERKRAAD** op die Kerkraadsvergadering van 25 November 2025:
Leier Batebestuur-Schalk Pienaar
Leier Barmhartigheid-Erika Steyn.

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 7/12**
09h30 Agulhas
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Teologiese Kweekskool
**Woensdag**
Skole sluit
**Donderdag**
11h00 Kommunikasie

**EREDIENSTYE 14/12**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Sinodale kollekte:
Barmhartigheid

**SINODALE KOLLEKTE - Teologiese Kweekskool**
Die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch bied onder andere opleiding vir verskillende kerke met die oog op die bediening as predikante en jeugwerkers. Die Teologiese Kweekskool is die afdeling van die Fakulteit Teologie wat predikante vir die bediening van die NG KERK oplei. Sedert 1859 word predikante van die NG Kerk-familie hier opgelei.



Ons Kerssangdiens, getiteld *EENVOUD*, vind plaas op Sondag, 21 Desember om 19h00 in Struisbaaikerk Merk jou kalender sodat jy weer opnuut kan hoor dat die weelde van Kersfees in die eenvoud daarvan lê.

**GELOFTE-/VERSOENINGSDAGDIENS** op 16 Desember om 09H00 in L'Agulhaskerk, Cooperstraat.

**KERSDAGDIENSTE** op 25 Desember 2025

| STRUISBAAI HOOFWEG | L'AGULHAS COOPER STR |
|---|---|
| 7h00 | 7h00 |
| 8h00 | 8h00 |
| 9h00 | 9h00 |

**Teksvers vir die week:**
...Johannes 12 vers 36
"Terwyl julle die lig het, moet julle in die lig glo, sodat julle mense van die lig kan wees."

## Ons bid vir...

1. Die bedienings- en akademiese vorming van al die studente, die dekaan, dosente en al die personeel van die Teologiese Fakulteite.
2. Kinders, ouers en studente wat in angs en spanning wag om te sien of hulle die jaar geslaag het.
3. Veiligheid op ons paaie tydens die skool-vakansie.
4. Mense wat eensaam of hartseer is en/of ondersteuning nodig het.

**Dankie vir:**

1.Almal wat nou 'n blaaskansie kan neem.
2.Die blye vooruitsig van party mense om ons, om saam met familie te kan vakansie hou.
3.Die voorberei van 250 Goody Bag boksies deur Christa-Marié Williams, wat by die pad-blokkade uitgedeel kan word om ons Kerssangdiens en Kersdagdienste te ad-verteer.
4.Myra Malan wat ons kerk se advertensies opstel.
5.Soveel betrokkenes in ons gemeente en die gesindheid waarin hulle alles aanpak.
6.Die geleentheid wat Suidpuntkoor en toneelspelers uit ons gemeente kon hê om deel te neem aan Riviersonderend se Kersdiens.
7.Soveel ligdraers om ons..




Kersvader het al die slee en takbokke in-gespan. Hy gaan geskenkies uitdeel hier in L'Agulhas. Bring die kinders en kom kuier saam. Jou kind se geskenk, DUIDELIK ge-merk met NAAM en VAN, kan afgegee word by die Kerkkantoor van Suidpunt NG kerk in Struisbaai tussen 8:00 en 12:00 daagliks, voor of op Vrydag 19 Desember. Die feestelikheid begin 17:00. Navrae kan gerig word aan Max Michau 083-557-1300.

Moet dit nie misloop nie!

**VANUIT DIE KERKRAAD**
Die Kerkraad wil graag hulle dank oordra aan al die versorgers wat onmisbaar geword het in hulle onderskeie blokke. Ons waardeer julle deernis, getrouheid en diens aan ander.
Verder wil ons ook graag vir Stevie, Francina en Cecile Beyers BAIE dankie sê vir die voor-treflike kerkraadslede wat julle in ons ge-meente was. Ons neem moeilik van julle afskeid, maar besef dat 'n mens se termyn kan verstryk. Al drie van julle het diep spore in Suidpunt Gemeente en in ons harte getrap. Dankie vir julle entoesiasme, vol-gehoue diens en die wyse waarop julle in ons Kerkraad gedien het. Ons salueer julle!

## Vir ons kinders

.Die Vuurhoutjie en die Kers.

Eendag was daar 'n vuurhoutjie en 'n kers. Die vuurhoutjie sê toe vir die kers dat hy hom daardie dag sou aansteek.
"My aansteek?" vra die kers in 'n fluisterstem - metjie.
" Maar ek sal begin doodgaan en wegsmelt as jy dit doen! Ek sal stadig begin wegbrand en dit sal seer wees," sê die kers.
Die vuurhoutjie bly toe 'n rukkie stil, dan sê hy met deernis: " Jy's reg. Dit sal brand en seer wees. Dit sal jou iets kos, maar sê my, wat help dit jy is 'n kers as jy nooit skyn nie? Wil jy regtig jou lewe so leef: koud, hard, onaangeraak en deur nooit ie-mand anders se lewe te verlig nie?"
Die kers kyk toe af en sê saggies:" Maar jy sal ook uitbrand."
" Ek weet," sê die vuurhoutjie met 'n glimlag wat algaande verdwyn. " My vlam is klein. My tyd is kort, maar as ek my vlam vir jou kan aangee, dan het ek gedoen waarvoor ek gemaak is. Ek is ge-bore om 'n vuur aan te steek. Jy is gebore om dit te dra, om te skyn. Om hitte te bring, om 'n lig in die donker te wees."
Die kers bewe toe bangerig, maar iets binne-in haar het geflikker. Sy kyk na die vuurhoutjie wie se vlam amper dood was en sê: "OK, steek my aan..."
En op daardie oomblik helder die kers se gesiggie op en 'n lieflike vlam het helder geskyn.
Al het albei geweet dit was nie vir ewig nie, het albei dit geniet om te brand.
Partykeer in die lewe moet jy ook deur vuur loop. Dit is vreesaanjaend. Dis pynlik, maar slegs deur te brand ontdek ons van watter stoffasie ons regtig gemaak is. Net dan skyn ons.
Onthou, die vuur wat jou aangesteek het vernietig jou nie, dit laat jou lig skyn en liefde is die vlam wat vir ons 'n doel op aarde gee.

TWEEDE ADVENTKERS
Vandag is tweede Adventsondag. Ons steek weer laasweek se pers kers aan, maar ook die tweede pers kers langs hom. Vandag se kers simboliseer GELOOF. Dit word ook DIE BETLE-HEMKERS genoem, as herinnering aan Maria en Josef se reis na Betlehem.

**Die NG KERK se 2025 Desember Basaar is op hande - grootste Basaar op die Suidpunt!**
Ons woeker Woensdag, 17 Des. en Donderdag, 18 Des. met sulke regte, egte, basaarkos... panne-koek en jaffels en kerrie en rys en boereworsrolle en bobotie, en 'n gevriesde pastei of twee....en die heerlikste koffie/ tee en cappuccino....
Maar dan kom woeker ons Vrydag, 19 Des. met speletjies vir die kinders en perdjies om op te ry... en die basaarkos kry poedings by en in egte Suidpunt styl, kry die gewone 'n kinkel .... en hier kom die afval, en amper Italiaanse lasagne, en nog pasteie (kerrievleis en lam en hoender).....
Basaardag Saterdag, is 'D' Dag...nog meer te kus en te keur - koeke en koekies en beskuit en terte, en baie poedings, en lekkerlees boeke, en 'dit en dat' by wit olifant tafel .... en lekker musiek ....
Het ek nou iets vergeet ... Sjoe, kom kyk gerus self... daar is iets vir almal! Tweedekansklere sal net op ons GROOT BASAARDAG (20 Desember) verkoop word.

**Verkope vir Woekerdae en die BASAAR is van 09H00 tot so 13H00 se kant, in Struisbaaikerk.**

